



Kraggakamma  
**Gemeente**  
*Doe is God en fontein van liefde*

**Kuberkamma**

17 November 2019

**Jeremia 33 vers 3 (Nuwe Lewende Vertaling)**

*"Vra My, en Ek sal jou van ongelooflike dinge vertel oor wat hier gaan gebeur, waarvan jyniks weet nie."*

Vertoon die e-pos nie korrek nie? [Klik hier om die nuusbrief eerder op die internet te lees.](#)

### **Program vir die Dag**

09h00 Eietydse Kerssangdiens

10h00 Kategese Afsluiting

Die deurdankoffer gaan vir **WWJD**

### **Program vir die Week en die vakansie**

20 November	19h00	Kerkraadsvergadering
22 November	05h00	Mannebyeenkoms by Elandré Bosch, Lilylaan 68
	11h00	Fonteinvriende se Kersete
24 November	09h00	Klassieke Kerssangdiens

[Die kommuniekamma is van Saterdag op die webwerf beskikbaar.](#)

### **Nuusbrokkies**

#### **Sake vir gebed**

Bid vir almal wat betrokke is by WWJD. Lees [hier](#) meer oor hulle werksaamhede.

[Lees asseblief biddend](#) die name van die persone wat ons voorbedding dringend nodig het.

#### **There4-Bedieninge:**

Hierdie week se **gebedsversoek** is vir Christene in Maleisië:

Bid saam dat die regering in Maleisië die weg sal baan vir 'n onafhanklike ondersoek na die verdwyning van Pastoor Koh en sy ontvoerders en dat reg sal geskied.

[Foto](#)

#### **Preke**

Ds. MG van Rooyen se preek van 27 Oktober is hier beskikbaar. Die Tema is: "Wat sal die Hervormers sê" en die skriflesing is Efesiërs 2 vers 1 tot 10

## Verjaarsdae

Ons wens die volgende lidmate geluk met hulle verjaarsdae:

17 November	Rene Matthee en Rinus van Heerden
18 November	Anchen Bosch, Mac MacKenzie, Marzane Meyer en Pieter Rademeyer
19 November	Shelly-Ann Coetzee, Renier du Preez, Johan Grobler en Antoinette Robson
20 November	Malinda Capstick, Nico Grobler en Maricus van der Merwe
21 November	Anita Esterhuizen en Gerhard Woithe
22 November	Marius van der Merwe
23 November	Nicole le Roux, Cornelia Nel, Cecilia Nortjé en Contasha van der Merwe



## Padkos

### **Jy bou nie jou lewe in 'n fabriek nie**

Jou eie lewe is nie iets wat jy eers haarfyn op 'n tekenbord ontwerp, en dan bou jy dit klinies van hierdie plan af nie. Jou lewe gebeur in die regte lewe. Jy maak jou planne, maar dan gebeur daar onverwagse en onvoorsiene dinge op jou lewenspad. En dan is daar God! Jakobus 5 waarsku juis teen 'n tipe leefstyl wat met groot selfversekerheid tot wie weet waar in die toekoms uitgewerk word. Jakobus sê jy moet eerder sê: as God wil en ons leef, dan sal ons dit of dat met ons lewe doen. "Deo Volente" - as God wil. Dit is wysheid. Dit is nederigheid, daardie soort wat in jou lewe moet wen. "Deo Volente" maak voorsiening vir die regte aanpassings aan alle planne waarby jyself betrokke is. Nog meer, dit oorroep selfs jou beste planne, en dié wat jy elke dag help maak. Dit maak dat God se plan wen. Jy kies daagliks om te kniel voor Hom; jy vra nie maar net sy goedkeuring vir jou eie besluite nie. Jy is nie die argitek van jou lewe en God slegs die goedkeurder van jou bouplanne nie. Jy speel ook nie eenaar-bouer van alles in jou lewe nie. Jy vertrou die Here hiermee.

[Goeie Nuus deur Stephan Joubert <http://www.ekerk.org/>]

## *Kubergroete tot volgende keer*



Skandeer die Kraggakamma Gemeente SnapCode om donasies, maandelikse dankoffers, kollekte en aankope deur middel van SnapScan te betaal. [www.getsnapscan.com](http://www.getsnapscan.com)